Met 'Naby U' help Adri ons nader aan God

Fielies de Kock

Om Adri Vermeulen te hoor sing, laat 'n mens wonder of jy nie dalk 'n intieme oomblik in die hemel afluister nie. Haar helder stem klink soos klokke wat lui, water wat val, 'n engel wat sing… God het Adri inderdaad met 'n fantastiese talent geseën. Nie alleen kan sy pragtig sing nie, maar Hy het haar gesalf om mense in sy teenwoordigheid in te lei.

Wat Adri se bediening merkwaardig maak, is dat sy 'n nederige persoon is wat weet dat haar krag van God af kom en dat sy nie mense uit haar eie na sy Troonkamer kan vergesel nie. Adri se lewe het 'n woestynpad gestap. Sy het in depressie en verslawing verval na haar pa se skielike selfmoord, 'n paar dae na die grootste dag in háár en haar man, Dries, se lewens. Vir amper vyf jaar het sy in die woestynsand geploeter, totdat God haar op 'n dag daaruit gelei het. Hy het haar volkome genees – fisies en geestelik. Adri het die talente wat Hy aan haar gegee het, begin ontgin deur by haar gemeente se kunstebediening in te skakel en sanglesse te neem. So het sy begin word wie God vir haar bedoel het om te wees. Mettertyd het sy 'n aanbiddingsleier geword, wat by veral vrouebyeenkomste landwyd bedien.

Naby U/Close to You is Adri se debuut album, wat sy onder regie van Louis Brittz gedoen het. Daar is beide bekende en nuwe liedjies op die album, deur bekende skrywers soos Louis Brittz self, David Rius, Willie Kamffer, Jim Cowan en John Barnett en dan is daar ook nuwe liedere deur twee talentvolle nuwelinge, Abri Brancken en Dinti Lotz.

Adri en Dries woon in Pretoria, waar sy steeds as aanbiddingsleier en hy in die klankbediening van hulle gemeente dien en hy haar ook tegnies ondersteun wanneer hulle op ander plekke bedien.

Vir 'n lekkerlees onderhoud met Adri, besprekings vir bediening en meer oor haar CD, *Naby U/Close to You,* besoek gerus www.adrivermeulen.co.za of kontak haar by adri.vermeulen@gmail.com of 083 320 2608.